

Nasionale Argiefbewaarplek (NAB), Kaart 3/5220)

Aangesien die Korannas botsing met die ZAR wou vermy, het hulle hul vee op die westelike oewers van die Hartsrivier gehou. Dit het meegebring dat daar weidingsprobleme tussen hulle en hulle ou opponente, die Thlaping van Taungs, ontwikkel het.

Thlaping-kaptein Mankurwane, wat Mahura opgevolg het, het aanspraak op Korannagrond gemaak. Hy wou so sy grondgebied uitbrei. Om sake te vererger, het 'n groot aantal van Mankurwane se onderdane na Kaptein Dawid Taaibosch gedros.⁵⁵ In November 1881 het sake tussen die partye breekpunt bereik toe die Thlaping die Korannas by Mamusa aangeval het.⁵⁶ Die Korannas het die Thlaping verjaag, en as straf het hulle Taungs beleër.

In hierdie stryd het albei groepe van blanke vrywilligers gebruik gemaak. Die vrywilligers is deur die twee hoofmanne grond belowe vir hulle hulp.⁵⁷ Op 26 Julie 1882 het die laaste veldslag tussen die Korannas en Thlaping naby Pudimoe plaasgevind. Vrede is deur bemiddeling van die ZAR gesluit en so het die oorlog van sowat nege maande tot 'n einde gekom.⁵⁸

Op 27 Februarie 1883 is die beloofde grond deur middel van loting aan die vrywilligers wat die Korannas en Thlaping gehelp het, toegeken. Die grond was noord van Taungs, en het ooswaarts tot teen die Hartsrivier gestrek. Dit is in sowat 388 plase opgedeel.⁵⁹ Dit het meegebring dat die blankes, Korannas en Thlaping 'n woongebied gedeel het.

Nadat die boere hulle grond ontvang het, het hulle op 6 Augustus 1883 die afhanklike Boererepubliek van Stellaland uitgeroep. Op 23 Maart 1885 is Britse anneksasie deur die Stellalanders aanvaar en het die Republiek sy onafhanklikheid verloor.⁶⁰

1.10 DIE EERSTE TREë VIR 'N LOKASIE - DIE KORANNA SE ONAFHANKLIKHEIDSTRYD

Met die Londense Konvensie (1884) is die wesgrens van die ZAR tot by die Marokane-heuwels

⁵⁵ M.M.B. Liebenberg, *Schweizer-Reneke*, p. 20.

⁵⁶ NAB, BPP, C 3381-1882: Further correspondence respecting the affairs of the Transvaal and adjacent territories, p. 49.

⁵⁷ NAB, BPP, C 3686-1883: Further correspondence respecting the affairs of the Transvaal and adjacent territories, pp. 69-70.

⁵⁸ H.P. Marce, *Geskiedenis en ontwikkeling van Schweizer-Reneke...*, p. 26.

⁵⁹ M.M.B. Liebenberg, *Schweizer-Reneke*, p. 21.

⁶⁰ C.F.J. Muller (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 322.

verskuif. Dit het meegebring dat Mamusa ten volle deel van die ZAR geword het.⁶¹

Die feit dat Mamusa by die ZAR ingelyf was, het beteken dat die Korannas onder gesag van die Republiek was. Dit het tot gevolg gehad dat die ZAR volgens die Pretoria-konvensie van 1881 voorsiening gemaak het vir 'n locati (ook reservaat genoem) vir die Korannas, wat Massouw Locati sou heet.⁶² Daar sou ook belasting aan die Republiek betaal moes word.⁶³

Hiermee is kaptein Dawid Massouw Riet Taaibosch en sy mense se onafhanklikheid bedreig, want die Korannas is nou as ZAR-onderdane beskou. Dit het groot spanning tussen die groepe veroorsaak, aangesien die kaptein homself nog as leier van die vrye en onafhanklike Korannavolk beskou het.

Alhoewel kommandant-generaal P.J. Joubert die ZAR se militêre bevelvoerder was, het hy ook sake rakende die swart stamme in die Republiek behartig. Dit was dus ook sy taak om die lokasiegrense vas te stel.⁶⁴ In die uitvoering van hierdie opdrag het hy sterk teenstand gekry van kaptein Dawid Massouw, wat nie wou aanvaar dat sy volk nie meer as 'n onafhanklike bevolkingsgroep beskou is nie.

Joubert het op 6 November 1885 by Niekerksrus, die plaas van Gerrit van Niekerk (sowat 30 km suid van Mamusa), opgedaag om die kontroversiële lokasie-afbakening te finaliseer.⁶⁵ Joubert het probeer om 'n ontmoeting met die Koranna-kaptein te reël, maar dit was vrugtelos.⁶⁶

In 'n verdere poging om Massouw tot ander insigte te bring, is ene Piet van Vrede op 10 November 1885 na Mamusa gestuur om die lokasiebakens op te rig. Die gegriefde kaptein Dawid Massouw Riet Taaibosch wou weer eens nie sy samewerking gee nie.⁶⁷ Daar is deur Joubert gevrees dat hierdie houding van Dawid Massouw 'n negatiewe invloed op die ander groepe soos die Thlaping

⁶¹ NAB, BPP, C 4889-1886: Report of the commissioners appointed to determine land claims and to effect a land settlement in British Bechuanaland, p. 25.

⁶² Gebeurtenisse soos die Difaqane het op die lang termyn negatief op die swart stamme van Suid-Afrika ingewerk. Stamstrukture is verswak en ontstamming het voorgekom. Onderlinge stryd soos die tussen die Korannas en Thlaping het die situasie verder vererger. Die ontwrigte Thlaping het gedurende 1885 plase wat verspreid was oor die gebied noord van Stellaland as grondgebied van Brittanje ontvang. Die grond wat vir die swart stamme afgebaken was, het as locati of reservate bekend gestaan; T.R.H. Davenport, *South Africa: a modern history*, fourth edition, pp. 170-171.

⁶³ A.B. Delpont, *Die Koranna-oorlog in Wes-Transvaal*, p. 24.

⁶⁴ NAB, KG 616: Kommandant-generaal, Niekerksrust/Kommandant van Naturelle, Marico, 06.11.1885.

⁶⁵ NAB, KG 616: Kommandant-generaal, Niekerksrust/Landdros, Lichtenburg, 06.11.1885, pp. 1-2.

⁶⁶ NAB, KG 616: Kommandant-generaal, Niekerksrust/Dawid Massouw Riet Taaibosch, Mamusa, 09.11.1885, pp. 16-17.


⁶⁷ NAB, KG 616: Kommandant-generaal, Niekerksrust/P. van Vrede, Niekerksrust, 10.11.1885.

en Rolong kon hê. Om dit te verhoed sou die ZAR vinnig moes optree. Op 26 November 1885 het kommandant-generaal Joubert 'n ultimatum aan Mamusa gestuur, maar geen antwoord is terug ontvang nie.⁶⁸ Hy wou Joubert waarskynlik op sy beurt goed laat verstaan dat hy in eie reg 'n leier is, en nie nodig het om opdragte van 'n ander groep te neem nie.

Die ZAR was nie gelukkig oor Massouw die ultimatum geïgnoreer het nie. Gevolglik het die oorlog tussen die Korannas en die ZAR het op 2 Desember 1885 begin. Aan die kant van die Republiek was daar sowat 800 burgers van kommando's van Potchefstroom, Lichtenburg, en Bloemhof. Daar was ook 'n afdeling van die Staatsartillerie met twee kanonne. Alhoewel daar streng wette teen die verkoop van gewere aan die swart groeperinge was, was daar naasteby 400 gewapende Korannas, met wie deeglik rekening gehou moes word.⁶⁹



Kaptein C.A. Schweizer (Bron: Me. S.J. Bester)



Veldkornet G.C.N. Reneke (Bron: Me. S.J. Bester)

Aan die kant van die ZAR was daar twee bevelvoerders wat die hoogste prys betaal het. Hulle was Kaptein C.A. Schweizer en Veldkornet G.C.N. Reneke.

Kaptein Dawid Massouw was een van die Korannas wat gedurende die veldslag gesneuwel het. Op 3 Desember 1883 is die geveg beëindig en is die Korannas deur die ZAR onderwerp.⁷⁰ Die handjievol oorlewendes het by blanke boere in onder andere die Lichtenburg- en Potchefstroom-omgewing gaan werk. As gevolg van die nadraai van die oorlog is die kontroversie om die voorgestelde Korannalokasie beëindig.⁷¹

⁶⁸ NAB, KG 616: Kommandant-generaal, Niekerksrust/Dawid Massouw Riet Taaibosch, Mamusa, 26.11.1885, pp. 52-58.

⁶⁹ H.P. Maree, *Geskiedenis en ontwikkeling van Schweizer-Reneke ...*, pp. 32-35.

⁷⁰ NAB, BPP, C 4643-1886: Further correspondence respecting the affairs of the Transvaal and adjacent territories, p. 243.

⁷¹ NAB, KG, 615, CR 447/86: Notule van Krygsraadvergadering, Mamusa, 04.12.1885.

Die Volksraad van die ZAR het op 17 Junie 1886 die proklamering van 'n blanke dorp by Mamusa goedgekeur.⁷² Aangesien die inwoners gretig was dat proklamering en dorpsontwikkeling moes plaasvind, is die regering in Mei 1887 in kennis gestel van die blankes se planne om 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente by Mamusa te stig.⁷³ Dit het die gewenste uitwerking gehad en op 3 Oktober is Schweizer-Reneke as dorp geproklameer.⁷⁴

1.11 PLAKKERSKAMP⁷⁵ TOESTANDE IN DIE LOKASIE

Na gelang blanke dorpe oral oor die ZAR gestig is, het swart mense hulle ook mettertyd daar gevestig om ekonomies aktief te verkeer. So was dit ook met Schweizer-Reneke die geval. Werksgeleenthede en beter lewensomstandighede was van die redes vir swart "verstedeliking". Die gebiede waar swart mense gevestig het, is lokasies genoem.⁷⁶

Nadat Schweizer-Reneke geproklameer is, het ook daar 'n lokasie ontwikkel. Dit het geen amptelike naam gehad nie, en was ongeveer 185 meter wes van die huidige Swartstraat, aan die noordekant van die Amaliapad - min of meer waar die ligtenywerheid-gebied en die Indiërsentrum tans is.⁷⁷

Daar was geen afgemete standplase en strate in die swart woongebied nie. Boustrukture is nie volgens bepaalde regulasies opgerig nie, en die inwoners het hulle water uit die Hartsrivier gekry.⁷⁸

⁷² Zuid-Afrikaansche Republiek, De locati wetten en Volksraadbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1886-1887, pp. 78-79.

⁷³ NAB, SS, 1185, R 1055/86: G.J. van Niekerk, Niekerksrus/Staatsekretaris, 17.05.1887, p. 111.

⁷⁴ **Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek**, 03.10.1888; Schweizer-Reneke is vernoem na twee bevelvoerders wat in die slag van Mamusa gesneuwel het. Hulle was kaptein C.A. Schweizer en veldkornet G.C.N. Reneke; H.P. Maree, **Geskiedenis en Ontwikkeling van Schweizer-Reneke**, pp. 34-35.

⁷⁵ So vroeg as die einde van die vorige eeu het die destydse provinsiale regering van die Kaapprovinsie dit nodig geag om Wet 30 van 1899 uit te vaardig. Hiermee is strukture in die plek gestel om die plakkers wat boere op hul plase toegelaat het terwyl hulle op die plase gewerk het, te administreer. Gedurende 1952 het die regering die Wet op die Voorkoming van Onwettige Plakkery aanvaar. Ongeveer dertig jaar later is die totale plakkerbevolking van Suid-Afrika in 1981 op sowat 1,5 mil. bereken. C.L. Botha, 'n **Gesprek rondom plakkery**, p. 4.

'n Tipiese plakkerskamp kan omskryf word as 'n gebied wat nie vir bewoning goedgekeur is nie. Daar is ook nie genoegsame fisiese strukture, gesondheidsmaatreëls en munisipale dienste nie. Kyk J.E. Harday (e.a.), **Squatter citizen: Life in the urban third World**, pp. 30-31.

⁷⁶ The South African native races Committee, **The South African natives: Their progress and present condition**, pp. 66-68.

⁷⁷ M.M.B. Liebenberg, **Schweizer-Reneke**, p. 50.

⁷⁸ NAB, Argief van die Stadsklerk van Schweizer-Reneke (MSR), 2/1/1: Brieweboek, Naturelle-inspekteur, Bloemhof/Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 20.05.1923.

Die dorp het self eers in 1903 'n Stedelike Distriksraad⁷⁹ gekry, dus was daar nog nie sprake van dienste wat aan die swart inwoners gelewer is nie. Daar was ook geen vaste bestuurstruktuur ten opsigte van die lokasie nie. Die lokasie is nie amptelik as lokasie geproklameer nie. Dus het dit as't ware as 'n plakkerskamp gefunksioneer. Die ongunstige lewensomstandighede wat daar in die lokasie geheers het, is soortgelyk aan die plakkerskampe wat hedendaags aangetref word. Juis hiërdie omstandighede het mettertyd 'n al hoe groter probleem geword wat met die Spaanse griep epidemie van 1918 blootgelê is, naamlik die ontoereikendheid van die lokasie - in grootte sowel as infrastruktureel. So is die weg gebaan vir formele swart dorpsvestiging te Schweizer-Reneke (kyk Hoofstuk 2).

1.12 DORPSGROEI IN SCHWEIZER-GEBIED NA DIE SUID-AFRIKAANSE OORLOG⁸⁰

Enige verdere uitbreiding in Schweizer-Reneke en die lokasie het feitlik tot stilstand gekom met die uitbreek van die driejarige Suid-Afrikaanse Oorlog, of ook bekend as die Tweede Vryheidsoorlog in 1899. Tydens die oorlog, gedurende 1901, is Schweizer-Reneke in puin gelê en is plaasopstalle in die omgewing ook afgebrand.⁸¹

Lokasie-inwoners is ook tydens die oorlog deur die Engelse troepe saamgeneem na die oorlogsfront om met sekere take te help. Hulle het byvoorbeeld die perde versorg en as touleiers diens gedoen.⁸²

Op 31 Mei 1902 is vrede gesluit en kon al die inwoners - blank en swart - met die opbou van die land begin.⁸³

Van die eerste aspekte wat aandag ontvang het, was mediese en maatskaplike dienste. In 1902 het die resident-magistraat (landdros) van Christiana 'n sterk pleidooi in hierdie verband aan die verantwoordelike departement gerig. Dr. D.S. MacKnight is in die pos aangestel.⁸⁴

⁷⁹ NAB, Inventaris T 223, Inventaris van die stadsmerk van Schweizer-Reneke, p. i.

⁸⁰ Die Suid-Afrikaanse Oorlog is ook bekend as die Anglo-Boereoorlog of Tweede Vryheidsoorlog. Dit is tans meer die gebruik om na die oorlog te verwys as die Suid-Afrikaanse Oorlog omdat alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika aan die oorlog deel gehad het, en nie net die Engelse soldate en Boerekommando's nie. Vergelyk met N. Warden, *The making of modern South Africa: conquest, segregation and apartheid*, pp. 25-31; W. Beinart, *Twentieth Century South Africa*, pp. 59-67; B.E. Mongalo, *The myth of the White man's War: an Historical perspective on the concentration camps for Blacks during the South African War of 1899 to 1902*. (M.A.-dissertation, PU for CHE, 1996.)

⁸¹ M.M.B. Liebenberg, *Schweizer-Reneke*, pp. 38-39.

⁸² Anglo-Boereoorlog (ABO), Mondelinge mededeling, A. Makhate/S.Bester, 22.01.1996.

⁸³ E. Stockenström, *Geskiedenis van Suid-Afrika: Deel 2*, pp. 440 en 449.

⁸⁴ NAB, Koloniale sekretaris (CS), 172, 14612/02, Mediese offisier van gesondheid/Assistent Koloniale Sekretaris, 01.12.1902.



Mnr. Edward Chinian (**Bron:** Mev. M. Chinian)

MacKnight het “maatskaplike sorg” onder die lokasie-inwoners gedoen. Nadat hy byvoorbeeld by geleentheid twee ernstig siek swart mans gratis mediese behandeling gegee het, het hy die departement suksesvol genader om hulp vir lewensnoodsaaklikhede vir die “armlastiges”.⁸⁵

Die Stedelike Distriksraad van Schweizer-Reneke is op 17 Augustus 1904 in ’n Munisipale Raad omskep.⁸⁶ Omdat die lokasie met sy beperkte inwonertal (38,5 % van die totale bevolking van Schweizer-Reneke)⁸⁷ binne die munisipale grense van die Raad geval het, het die Raad ook daar sy administratiewe verpligtinge nagekom.

As deel hiervan het die Raad huurgeld van die lokasie-inwoners geëis. Huurgeld is egter nie sommer gehef nie, want meer inligting oor die heffing van huurgeld is eers van ander Munisipale Rade soos dié van Wolmaransstad en Christiana aangevra.⁸⁸ Behalwe vir huurgeld, is daar ook hondebelaasting deur die Munisipale Raad gehef.⁸⁹

Ongeag die situasie van ’n ongeproklameerde lokasie, het die Munisipaliteit dit goed gedink om ’n nie-amptelike bestuurstruktuur vir die lokasie in te stel. In 1905 is ’n sekere mnr. Edward Chinain as voorman in die lokasie aangestel.⁹⁰ Hy moes toesig hou, en die inwoners kon met hulle klagtes na hom kom en hy sou, waar nodig, dit na die Raad verwys. Die inwoners het Chinain nie aanvaar nie omdat hy ’n Kleurling was. Die Raad het egter die *status quo* gehandhaaf omdat Chinain bereid was om vir ’n beperkte vergoeding hiërdie diens te verrig.⁹¹

Die Munisipale Raad is volgens Ordonnansie 9 van 1912 deur ’n Dorpsraad vervang. Hierdie nuwe Raad het voortgegaan om as plaaslike bestuurstruktuur ook alle sake in verband met die lokasie te behartig.⁹²

Van die sake waaraan aandag gegee is, was die geestelike bearbeiding van die lokasie deur swart predikers. Eerwaarde S. Matawi was van die eerste leraars om die Woord aan die lokasie-inwoners

⁸⁵ NAB, CS, 271, 3113/03, Assistent Resident-magistraat, Schweizer-Reneke/Assistent Koloniale Sekretaris, 30.03.1903.

⁸⁶ NAB, T 223, Inventaris van die stadsklerk van Schweizer-Reneke, p. ii.

⁸⁷ Suid-Afrika, Buro vir Statistiek, *Stedelike en plattelandse bevolking van Suid-Afrika 1904-1960*, verslag no. 02-02-01, 1960. pp. 202, 208.

⁸⁸ NAB, MSR, 1/1/1: Dorpsraadnotules, Notule, 08.06.1904.

⁸⁹ NAB, Argief van die Direkteur van Plaaslike Bestuur (TPB), TALG 254: Stadsklerk, Schweizer-Reneke/Assistent Koloniale Sekretaris vir Plaaslike Regering, 11.01.1905.

⁹⁰ NAB, MSR, 1/1/1: Dorpsraadnotules, Notule, 13.12.1905.

⁹¹ H.P. Maree, *Geskiedenis en ontwikkeling van die dorp en distrik van Schweizer-Reneke*, p. 106.

⁹² NAB, Inventaris, T 223, Inventaris van die stadsklerk van Schweizer-Reneke, p. ii.

te verkondig.⁹³

Teen die helfte van 1918 is 'n gebou in Cronjéstraat (in Schweizer-Reneke-dorp) deur die Dorpsraad van Schweizer-Reneke gehuur om as hospitaal gebruik te word. Hierdie geriewe was hoofsaaklik vir blankes se gebruik en van 'n kliniek of georganiseerde mediese dienste in die lokasie was daar geen sprake nie.⁹⁴

Alhoewel daar geen winkels in die na-oorlogse jare in die lokasie was waar benodigdhede gekoop kon word nie, het die vier algemene handelaars in Schweizer-Reneke in die algemene behoefte voorsien. Die lokasie-inwoners was dus vir die aankoop van voorraad op die infrastruktuur van Schweizer-Reneke aangewese.⁹⁵

Inwoners van die lokasie het veral as huishulpe, tuiniers en bodes in Schweizer-Reneke gewerk.⁹⁶ Verder het die delwersaktiwiteite⁹⁷ in Schweizer-Reneke-gebied nog werkseleenthede vir blank en swart gebied.⁹⁸ Die Dorpsraad het ook as werkgewer opgetree en het byvoorbeeld van lokasie-inwoners gebruik gemaak om die sanitasiestelsel in Schweizer-Reneke in stand te hou.⁹⁹

Gedurende Mei 1905 is 'n onsuksesvolle vergadering deur die Munisipale Raad van Schweizer-Reneke in die lokasie gehou om reëlins vir 'n moontlike sanitasiediens te tref. Onvoldoende belangstelling, aangesien daar vir so 'n diens betaal sou moes word, kan as rede aangevoer word waarom die vergadering nie geslaagd was nie.¹⁰⁰

Ten spyte van die mislukking om sanitasiegeriewe te vestig, het die plaaslike bestuursliggaam van Schweizer-Reneke voortgegaan om omstandighede in die lokasie te verbeter. So is daar as gevolg van die droogte in 1914 deur die Dorpsraad besluit om drie boorgate vir Schweizer-Reneke en die lokasie te boor. By elke boorgat is 'n windpomp en drie watertenks opgerig. Een van die boorgate het die lokasie van water voorsien, en die inwoners kon daar water kry.¹⁰¹ So het die Dorpsraad telkens getoon dat die nood van die swart inwoners raakgesien is en dat daar in hulle behoeftes voorsien is.

⁹³ NAB, MSR, 1/1/1: Dorpsraadnotules, Notule, 27.04.1904.

⁹⁴ NAB, MSR, 1/1/3: Dorpsraadnotules, Notule, 18.06.1918.

⁹⁵ M.M.B. Liebenberg, *Schweizer-Reneke*, p. 87.

⁹⁶ NAB, MSR, 1/1/3: Dorpsraadnotules, Notule, 12.10.1918.

⁹⁷ NAB, MSR, 2/1/1: Brieweboeke, Distrikskommandant, Christiana/Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 27.04.1916.

⁹⁸ NAB, MSR, 2/1/1: Brieweboeke, Provinsiale sekretaris/Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 09.09.1916.

⁹⁹ NAB, MSR, 1/1/3: Dorpsraadnotules, Notule, 09.04.1918.

¹⁰⁰ NAB, MSR, 1/1/1: Dorpsraadnotules, Notule, 19.05.1905.

¹⁰¹ NAB, TPB, 689, TA 1790: Stadsklerk, Schweizer-Reneke/Provinsiale sekretaris, 22.05.1914.

Die Schweizer-Reneke-trajek na dorpe Kimberley en Johannesburg is in 1916 voltooi.¹⁰² Dit het nie alleen net meer werksgeleenthede vir blank en swart mense by Schweizer-Reneke beteken nie, maar ook 'n verbeterde posdiens na die dorp verseker.

1.13 DIE GROOT GRIEP - 'N GROOT OMWENTELING

Swart dorpsontwikkeling by Schweizer-Reneke was teen 1918 steeds informeel, sonder 'n amptelike bestuurstruktuur. Behalwe vir die verskaffing van water deur 'n boorgat, was daar geen ander "munisipale dienste" in die lokasie nie.

Na die uitbreek van die Groot Griep-epidemie in 1918 het die gebrek aan dienste soos sanitasie en gesondheidsdienste dan ook gedien as katalisators wat daartoe bygedra het dat die Dorpsraad met groter belangstelling na die lokasie gekyk het. So het die griep-epidemie die ontoereikendheid van die lokasie duidelik aan die Dorpsraad uitgewys. Dit het eventueel positief op swart dorpsontwikkeling ingewerk. In hoofstuk twee word die griep-epidemie, en die stukrag wat dit gebied het tot voordeel van swart dorpsontwikkeling, voorgehou.

¹⁰² M.M.B. Liebenberg, *Schweizer-Reneke*, p. 49.